# Hoofstuk van die dag: Amos 9

> *Ek, die Here God, hou die sondige koninkryk dop, Ek gaan hom wegvee van die aarde af! Maar tog, Ek sal nie die nageslag van Jakob heeltemal uitroei nie, sê die Here. (vers 8)*

Die oordeelsaankondigings in die boek Amos is uiters ontstellend. Dit het gekom in 'n tyd van hoogbloei in Israel onder koning Jerobeam II. Van hierdie florerende koninkryk sal

daar niks oorbly nie. Die tempel en altaar sal verwoes word (vers 1) sodat kommunikasie met die Here beëindig sal word. Daar sal geen wegkomkans wees nie (vers 2); selfs ballingskap sal hulle nie vrywaar nie (vers 4). Niemand kan vir God wegkruip nie. Hy regeer vanuit die hemel. Sy Naam is Here! (vers 6)
En tog is daar hoop vir dié wat aan Hom getrou bly. Dít bly die ongelooflike van God se handelinge met die mensdom en met ons. Die Here se oordeel is nooit sy laaste woord nie. Sy oordeel suiwer en sif ons (vers 9).
Daarom sluit Amos af met 'n heilsprofesie. Iemand uit die huis van Dawid gaan nuwe heil bring (vers 11). Ons ken mos sy naam: Jesus Christus! Hy neem ons saam na die nuwe koninkryk van God, waar daar oorvloed, vrede en veiligheid sal wees (vers 13-15).
Kom, Here Jesus!

*Naskrif*: Môre begin ons (DV) met die boek Markus.

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026